Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

13 Februarie 2017

NUUSBRIEF 6

Geagte Ouers

VROEG AFHAAL VAN LEERDERS

Ouers word versoek, soos dit in die verlede die gebruik was, dat die leerder vroegoggend reeds ‘n skrywe aan die voogonderwyser sal oorhandig, waarin u versoek en/of verduidelik waarom die leerder vroeër afgehaal sal word. Hierdie reëling is ‘n Departementele vereiste en nie net ‘n skoolversoek nie. Afhaal en meegaande afkondigings op Vrydagmiddae het regtig ‘n bekommernis begin word.

PENNESAKKIEPROJEK

Ons herinner alle ouers wat op die drumpel staan om ‘n gebruikte pennesakkie, “spacecase” en/of skryfbehoeftes te wil weggooi, om dit groot asseblief aan ons te skenk. Hierdie items word gewas en netjies gemaak en sal later die kwartaal aan ‘n behoeftige skool afgelewer word.

“SKI PANTS”

‘n Opregte beroep aan ons ouers om ons behulpsaam te wees met netjiese skooldrag. Maak asseblief seker, veral wanneer leerders Villiesdrag dra, dat die “ski pants” nie onder die Villiesbroek uitsteek nie.

SKAAK

Skaakoefeninge vind plaas op Maandae en Woensdae vanaf 13:30 tot 14:30. Graad 2 en 3 - leerders oefen in me S Nel se klas (kamer 53). Graad 4 tot 7- leerders oefen in me A van den Heever se klas (kamer 43). Daar sal geen oefening op Woensdag, 15 Februarie 2017 wees nie.

SKAAKAAND

Op Woendag, 15 Februarie 2017 word alle skaakspelers, oud en jonk, genooi om skaak te kom speel vir die genot daarvan. Bring die hele gesin en kom geniet die aand. Skaakstelle en skaakborde word voorsien. Dit vind in die skoolsaal plaas en begin om 18:00 tot ongeveer 20:00. U kan van die parkering op die grasperk gebruik maak met die ingang van die hek in 30ste Laan. Die snoepwinkel sal oop wees en u kan selfs ‘n ligte maaltyd daar koop.

REVUE

Neem asseblief kennis dat die Juniors van hierdie week af op Maandae in die skoolsaal en op Woensdae in die kerksaal sal oefen. Die Seniors sal op Maandag in die kerksaal en op Woensdae in die skoolsaal oefen.

BULLETJIERUGBY

Op Maandag, 13 Februaire 2017 word daar 'n Bulletjie-afrigterskursus by Laerskool Queenswood om 18:00 aangebied. Alle afrigters en skeidsregters is welkom.

RUGBY OEFENTYE

DAG	SPAN	TYE
Maandag	O/9 & O/10	15:00 – 16:00
	O/11 & O/13	16:00 – 17:00
Dinsdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00
Donderdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00

FOTO'S

Fotogeld van die Graad 1- leerders moet assblief nie later as Vrydag, 17 Februarie 2017 by die betrokke klasonderwyser inbetaal word nie. Maak seker dat u die korrekte bedrag in die koevert plaas. Die koeverte gaan verseël na die fotograwe en ons kan dus nie enige kleingeld aan u terugbetaal nie.

SKRYFBEHOEFTE PAKKETTE: GRAAD R, 1, 2 EN 3

Hierdie is 'n finale aanbod om 'n skryfbehoeftepakket by die skool aan te koop. Alle ouers het tot Woensdag, 15 Februarie 2017 tyd om hiervan gebruik te maak. Die oortollilge pakkette word daarna aan die verskaffers teruggestuur.

VALENTYNSDAG

Môre mag die leerders iets rooi vir Valentynsdag aansit soos
bv. 'n rooi lint in die hare, rooi kouse, rooi das of 'n rooi strikkie.
Dit is 'n gewone skooldag met skoolklere aan en skooltas in die hand.

KOPLUISE

Daar is weer 'n groot probleem met kopluise in die skool. Help asseblief u kind en ander kinders om dit uit te roei. Volgens die "Raising natural kids" is hierdie 'n uitstekende resep daarvoor:

Bestandele benodig:

- *Olyf- of Klapper olie (Coconut Oil)*: Die olie verdrink die luis, wat dit verhoed om rond te beweeg en nete (eiers) te lê
- *Wit- of Appelasyn: die asyn los die gom waarmee die nete aan die haar geheg word op .*
- *Fyn haar-/luiskammetjie*: *Om die nete ordentlik uit te kam.*
- *Stortkappie: Dis makliker maar 'n plastieksak of handdoek kan ook gebruik word.*

- *"Masking tape" of haarknippies*: om seker te maak dat die stortkappie of plastieksak deeglik op haarlyn toegemaak is.
- *Sjampoe: 'n Sjampoe wat spesifiek vir die behandeling van luise gemaak is is die beste. Die meeste van hulle is giftig (toksies) maar die een wat nie giftig is nie is Lice Prevention Shampoo.*
- *Handdoeke: Gebruik 'n handdoek om u kind se klere te beskerm tydens die proses*

5 Stappe

Stap 1: Wend die olie mildelik aan die hare en kopvel. Trek die stortkappie oor die hare en maak dit vas met "masking tape" of haarknippies om te verseker dat die stortkappie in posisie bly. Hou die olie vir minstens 45 minute aan.

Stap 2: Na 45 minute: kam die hare deeglik uit en maak seker dat alle nete en luise verwyder is.

Stap 3: Spoel hare met warm water en 'n bietjie skottelgoedseep af.

Stap 4: Herhaal stap 1 maar in plaas van die olie gebruik dan asyn. Wag weer 45 minute.

Stap 5: Kam die hare versigtig uit om seker te maak dat daar nie enige nete agtergebly het nie en spoel weer af. Was met 'n goeie tipe sjampoe om van die asynreuk ontslae te raak.

Opvolg en voorkoming

Hul stel voor dat hare daagliks vir minstens 7 dae deursoek moet word ná die behandeling. Indien nodig herhaal die hele proses weer. Wend 'n luiswerende sproei elke dag aan op u kind se hare. Kyk by u apteek watter een vir u die mees geskikte produk is. (Verkieslik natuurlike produkte).

Villiesgroete

_____
D P HAASBROEK
HOOF